

# TOUCHER

## CENTURION ROLBALKLUB    CENTURION BOWLS CLUB

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Augustus 2024 Augustus**

***Instead of waiting for the moment, live the moment.*** **R Green.**

.

**HOOGTEPUNTE**

Stephan Weber en Magdaleen Antonites het die groot 80-mylpaal bereik op onderskeidelik 1 Julie en 24 Julie. Baie geluk!

Die worslopies op 11 Julie en 6 Augustus is weer eens baie goed ondersteun. Die wenners was onderskeidelik Louis Botha en Susaar van Rooyen. Baie geluk en 'n groot dankie aan Nico en Dina Rau wat baie welkome waarde toegevoeg het met die worsbroodjies, en aan Tertius van de Venter vir knap reëlings. Waardeer!

En toe was daar Die Groot Veldslag op 9 Augustus. Die dames het die felle begeerte gekoester om die mans op die rolbalbaan verpletterend te troef (soos blyk uit die propaganda-aanslag wat die stryd vooraf gegaan het). Lees verderaan 'n samevatting van die spannende gebeure.........

Die Algemene Jaarvergadering het plaasgevind op 17 Augustus. Die AJV is goed bygewoon en het heel vlot verloop. Mosies is hanteer, en 'n uitvoerige finansiële oorsig is gegee. Die nuwe begroting is algemeen aanvaar. 'n Omvattende Presidentsverslag het gedien, en is met dank aanvaar. Die vordering, maar ook die uitdagings vir die klub is baie duidelik geïdentifiseer. Die ampsdraers vir die nuwe jaar is onbestrede verkies, soos volg:

- President: Jurg Odendaal
- Vise-president: Karin Roos
- Sekretaris: Hermien Velleman
- Tesourier: Marieta Fourie
- Perkemeester: Bosman Olivier

●Klubkompetisiesekretarisse: Dorina du Plessis en David Engela

●Gasvryheidsbestuurder: Rina Meyer

●Rolbalontwikkelingsbeampte: Zinda Müller

●Kroegbestuurder: Dalina Brits

●Klubhuisbestuurder: Nico Rau.

●Bemarkingsbeampte: Vir aanwysing

●Gekoöpteerde lede: Dawie Hanekom en Gerrit Kamper

●Keurkomitees is ook verkies, naamlik vir die dames (Thea Opperman, Eurika Lawrence, Karien Roos, Zinda Müller, Dorina du Plessis (S)) en vir die mans (Johan Meaker (S), Anton Deetlefs, Herman du Plessis, Pieter Pretorius, Jaco Immelman) Die sameroepers dien ook op die keurkomitee. Baie geluk aan elkeen van die verkose lede!

Die AJV is afgesluit met 'n heerlike vinger-ete (dankie Rina en helpers!) en 'n slotbonus was die geleentheid om sommer in die klubhuis na die spannende tweede toets tussen die Springbokke en die Wallabies te kyk. Baie dankie, Jurg!

.

Die Prysuitdeling op 24 Augustus is goed bygewoon, en meer besonderhede volg verderaan.



Baie besondere gelukwense aan Herman en Elize du Plessis wat die besondere onderskeiding behaal het om as egpaar in dieselfde jaar die Victor en Victrix Ludorum toekennings te verower. **Hierdie prestasie is nog nooit voorheen in die geskiedenis van die klub behaal nie - welgedaan!** Baie dankie aan Dawie Hanekom en Karien Roos wat die oorhandiging van trofeë en sertifikate behartig het, en aan die fotograwe Jurg Odendaal en Etienne Olckers. En dan was daar heerlike sop en broodjies, baie dankie, Rina Meyer en helpers!

## ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD



Die 2023/24 finansiële-jaar is met 'n lekker interaktiewe Algemene Jaarvergadering op 17 Augustus afgesluit. Dankie aan almal wat hierby betrokke was en tot die suksesvolle hantering van die voorgestelde mosies, en die verkiesing van beide die Bestuurskomitee en Keurders vir die 2024/25 tydperk, bygedra het. Dankie ook aan die Bestuurskomitee- en ander lede wat so hard agter die skerms gewerk het om te verseker dat die Algemene Jaarvergadering so glad verloop het. Op 'n persoonlike noot het ek in hierdie proses, danksy Koos en Bosman, ook 'n paar lesse i.v.m. die korrekte hantering van mosies geleer!

Die Klub se Prysuitdeling, wat op 24 Augustus plaasgevind het, het verskeie hoogtepunte opgelewer, insluitend (sover as wat ek kon vasstel) die eerste egpaar wat onderskeidelik die Victor Ludorum en Victrix Ludorum toekennings ontvang het, Herman en Elize du Plessis. Dit was werklik 'n plesier om die wedywering, opskuddings en hoë spelpeil wat deurentyd tydens die verskillende klubkompetisies gehandhaaf is, te aanskou. Dankie vir julle entoesiastiese deelname hier aan en die ongelooflike gees waarin spel plaasgevind het.

Baie geluk ook weereens aan al ons wenners. Stappe is reeds geneem om te verseker dat al ons beoogde 2024/25 klubkompetisies, anders is in 2023/24, betyds voor die prysuitdeling afgehandel sal word.

As ons vir 'n oomblik vorentoe kyk, wil dit voorkom asof ons grootste uitdagings vir 2024/25 o.a. die opgradering van ons perke, die insameling van addisionele fondse, die bestuur van stygende instandhoudingskostes, die finalisering van 'n bindende kontrak met die Metro, die suksesvolle afhandeling van ons klubkompetisies en die werwing van nuwe lede, insluit. Ek het nie enige twyfel dat ons hierdie uitdagings met die hulp van ons lede en nuwe bestuurspan, te bowe sal kom.

Die lentebehandeling van ons perke het reeds 'n aanvang geneem en alles moontlik sal gedoen word om BSA-/BGN-standaard-perke teen die einde van Oktober te verseker. Die lentebehandeling bring ongelukkig ook mee dat slegs een baan op 'n keer tydens September en Oktober vir spel beskikbaar sal wees. Dit gaan beslis nie maklik wees om ons reëlings vir sosiale spel en voorbereiding vir die komende ligaseisoen, suksesvol te balanseer nie. Probeer maar asb. om vroeg vir sosiale spel by die klub te wees om 'n speelplek te verseker. Baie sterkte aan ons keurkomitees onder leiding van Johan en Dorina, met die voorbereiding vir die BGN-ligaseisoen wat voorlê.

Kom ons bly saam hard werk aan ons strewe om Centurion Rolbalklub vorentoe as die beste rolbalklub in Gauteng-Noord te vestig, terwyl ons daarop fokus om ons waardes, wat o.a. respek, integriteit, deursigtigheid, lojaliteit ens. insluit, verder uit te bou.

**BATTLE OF THE SEXES**




Dawn broke peacefully on Women's Day, the 9th of August. Nothing suggested the dramatic events which soon enfolded on the premises of the Centurion Bowling Club. An environment which is generally known as a venue for a good and peaceful game of bowls, completely changed to become the scene for a ferocious battle, the Battle of the Sexes.



Some two weeks earlier, the gauntlet was thrown by Emma McCabe and Zinda Muller, who masterminded a battle in which women would forever show their superiority over men in a battle of bowls. A smooth running and effective propaganda machine was set in motion, complete with impressive posters and slick contributions via social media. The men were caught on the wrong foot and felt themselves rather overwhelmed by the scope and intensity of the onslaught.

The big day arrived. Two armies gathered for this historic battle, the Pink Army versus the Blue Army. Each consisted of 10 divisions, each with three participants. Prior to the battle, the combatants were all treated on coffee and muffins. This move was later exposed by military experts as a cunning move by the Pink Army to soft-soap the Blue Army.

At about 9:00 the battle erupted on two fronts. The clashes were without mercy, and noteworthy were the many triumphant cries from the ranks of the Pink Army. After ten rounds, a brief armistice was set, during which all combatants could rest and receive tasty provisions. The mood in the Pink Army was elated, whilst the troops of the Blue Army sat

around rather ashen faced. The statistics were indeed shattering for them, indicating only a mediocre number of victories over the Pink Army.

Then it was time for the second round of hostilities. Both armies did some regrouping, aimed at strengthening the battle fronts even further. It was soon evident that this second round was different. Gone were the emotional outbursts and a mood of uncompromised dedication prevailed. After 10 further rounds, the Battle of the Sexes was peacefully called off and all participants gathered to await the statistical declaration of the winner of the battle. The statistics were clear: the Blue Army had conquered with a tally of 290 points, against the 264 points of the Pink Army. The former was over the moon, the latter accepted the result in great style.






What a day! It can be said that never in the history of our club has there ever been such an enjoyable social event and hats off to Emma, Andrew, Zinda and their assistants. The company and catering were indeed supreme! The event also produced a number of distinguished winners, and congratulations to all of them:

●Best dressed participants: Martelize Prinsloo and Nico Rau, with second prizes to Ronell van Zyl and Andre Lightfoot
●Gold medal winners: Dawie Hanekom, Theo Munroe and Johan Jansen.
●Silver medalists: Hessie de Lang, Yvonne Clausen and Suzette Strydom.
●Bronze medalists: Tian Pieterse, Etienne Olckers and Emil Haarhoff.

*The battle lines are already drawn for 9 August 2025!*












**VANWAAR GEHASI?**

**Johan Jansen**



Johan Jansen is in Pretoria gebore op 18 Maart 1943 en hy is die oudste van vier kinders (drie broers en een suster). Sy pa het op 'n plaas in die Viljoenskroon-distrik grootgeword as die vyfde van 15 kinders en sy ma was 'n enigste kind, gebore in Breyten. Johan woon reeds sy hele lewe in Pretoria/Tshwane.

Johan se eerste huwelik was in Desember 1966 met Hildegard Rode (dogter van Hilmar Rode, die destydse Stadsklerk van Pretoria). Daar was drie kinders uit die huwelik gebore (twee seuns en 'n dogter). Al drie kinders beklee tans hoë poste in die privaatsektor.

Sy tweede huwelik was met Anna-Marie Fraser (gebore Rossouw) in Desember 1996. Sy het twee seuns gehad, en twee dogters. Die jongste seun is in sy universiteitsjare in Stellenbosch tydens 'n bergklim-uitdaging oorlede en die ander een in 'n motorongeluk. Haar ouer dogter is 'n mediese dokter en die jonger een (met 'n BA.LLB graad) besit 'n kleuterskool in Johannesburg. Anna-Marie is nou 83 jaar oud en haar ma wat in die verswaktesorg-eenheid van Elmed in Eldoraigne woon, is 102. Johan en Anna-Marie het gesamentlik 10 kleinkinders – vyf seuns en vyf dogters. Op 11 Julie is hul groot droom bewaarheid – hul eerste agterkleinkind is gebore – 'n pragtige dogtertjie, genaamd Amelia.

Johan se werkslewe het reeds in standerd agt begin toe hy Saterdae en tydens skoolvakansies by Lewis Outfitters in Kerkstraat begin werk het as verkoopsassistent. Ná sy dienspligopleiding het hy vir sowat twee jaar by Burroughs Machines en by die Meester van die Hooggeregshof gewerk. Hierna het hy vir veertien jaar by McCarthy Motors (destyds Clows Pretoria) gewerk, eers as klerk, later verkoopsman en toe gebruikte motor bestuurder. In 1973 is hy as takbestuurder van McCarthy Motors Verwoerdburg aangestel – die eerste Mercedes Benz agente in Verwoerdburg (in Cantonmentsweg, oorkant die ou ABSA Bank gebou). Gedurende hierdie tydperk het Johan buitemuurs by UP studeer waar hy sy B.Com (Personeelbestuur) en Honneursgrade verwerf het. In 1980 het Johan op aanbeveling van sy UP-professor by Sigma Motorkorporasie aangesluit as Bestuurder: Personeelnavorsing terwyl hy vir sy M. Com graad studeer het. Na Sigma het personeelbestuursaanstellings by Silverton Tannery en Bartons Precision Tube in Boksburg gevolg. Johan is daarna by PSG Anchor Finance aangestel as kontrakte-bestuurder (die maatskappy is later deur ABSA Bank oorgeneem). Hy het sy formele werkstermyn in die privaatsektor in 2007 afgesluit as direkteur by Kochnelbantjies & Vennote.

Gedurende die ABSA termyn is Johan in Mei 2003 as DA stadsraadslid in Pretoria (later Tshwane) aangestel. Hy het agtien jaar as stadsraadslid gedien en het in 2021 uitgetree op 78-jarige leeftyd.

Johan se hoofstokperdjie van laerskooldae af was modelvliegtuie bou en vlieg (sy loopbaan-droom). Hy het selfs tydens sy diensplig in Walvisbaai 'n modelvliegtuig by vriende in die dorp se buitekamer gebou. Die Lugmag het dit ná sy opleidingstydperk na Pretoria gebring met 'n Dakota. Op hoërskool het sy beste vriend wat by die Pretoria Tegniese Kollege studeer het, vir Johan alles van motor- en motorfietsherstelwerk geleer en 'n jong buurman het hom touwys gemaak oor spuitverf. Johan het baie van tegniese werk gehou, maar nie

eintlik van tuinwerk nie – soveel so dat sy plaasboer-pa gedreig het om hom na Brits Landbou Kollege te stuur.

Wat sport betref, het Johan nog altyd deelgeneem waar hy kan – op laerskool in atletiek, rugby en jukskei, en op hoërskool in atletiek (gewigstoot, diskus, spiesgooi en een myl), rugby en skyfskiet. Tydens sy diensplig in Walvisbaai het hy by die Walvisbaai skietkommando se jaarlikse prysskiet sy eerste twee trofeë (snelvuur en knakskiet) met 'n geleende .303 geweer gewen. In 1973 het 'n motorkoper wat 'n top bisley-skut uit Rhodesië was, Johan genooi om saam met hom te kom skiet. Die gogga het dadelik gebyt en Johan het drie maande later sy Noord-Transvaal kleure verwerf. In 1976 het Johan vir die eerste keer Springbok-kleure verwerf vir die span wat aan die Palma wedstryd (wêreld langafstand kampioenskappe oor 800, 900 en 1,000 tree) in Camp Perry, Ohio deelgeneem het. Hy het weer in 1978 die Springbokspan verteenwoordig teen Rhodesië en Suid-Wes Afrika in 'n toets in Bloemfontein. Johan het in 1985 ophou bisley skiet om sy buitemuurse studies te voltooi (en kinders te help grootmaak).

In 2007 het Johan se twee seuns hom na luggeweer veldteiken-skiet gelok en daar begin ons alweer. Hy is binne maande verkies tot nasionale voorsitter van SAFTAA en het die Protea skietspan bestuur na die volgende vier wêreld-kampioenskappe in Noord-Ierland, Pretoria, Hongarye en Italië. Hy het ook vir vier jaar gedien as president van die World Field Target Federation. In 2015 het Johan veldteiken-skiet verruil vir luggeweer "benchrest" vanweë erge pyn in sy regterbeen. Dit is later bevind dat die pyn veroorsaak was deur 'n gewas in sy rug (wat veroorsaak was tydens 'n gewapende roof by hulle huis 'n jaar vantevore toe sy voete agter sy rug vasgemaak was). Die "benchrest"-skiet was net so suksesvol en Johan is vir elke Protea span gekies (2017 Slovenië, 2019 Pretoria en 2023 Plzen). Hy het ook gedien as president van die SA Precision Sport Shooting Federation in 2021 en 2022.

Die toerkoste na buitelandse wêreld-kampioenskappe het egter té hoog geword en Johan het besluit om die skyfskietsport vaarwel toe te roep. 'n Goeie "benchrest" skietvriend, Piet Swemmer, het rolbal voorgestel en vir Johan uitgenooi om na Centurion Rolbalklub te kom. Danksy Zinda Műller se goeie afrigting en Ernst se Maandag oefensessies het Johan gou ingepas en geniet hy nou weekliks die vriendelike ondersteuning van al ons klublede.

## BESTUUR

Sake wat tydens die bestuursvergaderings op 13 Julie en 2 Augustus bespreek is, kom grootliks elders in hierdie uitgawe ter sprake, of word per WhatsApp aan lede deurgegee.

## KOMPETISIES

### Prysuitdeling 2024

Die jaarlikse prysuitdeling het plaasgevind op 24 Augustus, en baie geluk aan die volgende wenners en naaswenners!

***Dames***

| | | |
|---|---|---|
| Beginners Enkelspel: | Martelize Prinsloo; | Isabel Jacobs |
| Veterane Enkelspel: | Tillie Kamper; | Susaar van Rooyen |
| Ope Enkelspel: | Eurika Lawrence; | Elize du Plessis. |

| | |
|---|---|
| Gekose Pare: | Hermien Velleman en Elize du Plessis; Thea Opperman en Louie Weber |
| Gelote Driespel: | Hermien Velleman, Zinda Müller, Lesley McCabe. |
| | Mari Flint, Hendrina Meaker, Veronica Bannenberg. |
| Beste vordering: | Susaar van Rooyen. |










***Mans***


| | | |
|---|---|---|
| Beginners Enkelspel: | Theo Munroe; | Barend Lundie |
| Veterane Enkelsel: | Herman du Plessis; | Gerrit Kamper |
| Ope Enkelspel: | Herman du Plessis; | Jaco Immelman |
| Gekose Pare: | Kontinueer | |
| Beste vordering: | Barend Lundie | |

| | | |
|---|---|---|
| Gemengde Pare: | Gerrit en Tillie Kamper; | Herman en Elize du Plessis. |

Victor- en Victrix Ludorum: Herman du Plessis en Elize du Plessis









***Spesiale toekennings:***

Marieta Fourie (Staatmaker – dames), Etienne Olckers (Staatmaker – mans),

Dorina du Plessis (Lekkerbreek/Weesgerus 2024),

Anton Deetlefs, Hadri Roux, David Engela (SALM-toernooi, Vierspan),

Pieter Pretorius, Jaco Immelman, Hadri Roux, David Engela, Barend Lundie (Gauteng Ope Mans Vierspan – kwarteindrondte)








**ROLBALONTWIKKELING**

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds 'n groot sukses, met telkens 'n aantal kandidate wat wil speel op die waglys. Karien Roos en Eurika Lawrence, baie dankie!

## LEDESAKE

### Verjaarsdae in September

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Gert Cloete | 17 | William Rapp |
| 2 | Naudene Ward | 22 | Christa Roux |
| 5 | Thina Stern | 25 | Betsie du Plessis |
| 10 | Jacqui Bester | 26 | Kobus Nieuwoudt |
| 14 | Piet Swemmer | 28 | Jaco Immelman |

### Verjaarsdae in Oktober

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | Freda Cloete | 20 | Lourens Olivier |
| 14 | Lynette Sam | 24 | Dawie Hanekom |
| 17 | Marieta Fourie | 25 | Annette Olivier |
| 17 | Johan Meaker | 31 | Doep du Plessis |
| 18 | Appie Nieuwoudt | 31 | Koos Schoeman |
| 20 | Anne Ebersohn | | |

### Verjaarsdae in November

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Jan Ebersohn | 17 | Frank Wepener |
| 7 | Tillie Kamper | 21 | Magda Timmerman |
| 10 | Yvonne Bock | 25 | Koos van Dyk |
| 11 | Isabel Jacobs | 29 | Louie Weber |
| 16 | Conrad Greve | 30 | Annie Marais |

### Nuwe lede

Baie welkom aan die volgende lede wat by die Klub aangesluit het:

Kirsten Mc Leod Daleen vd Venter Lynette Mostert



*Ria Coetzee*
*(Welkom terug)*



*Dave*
*van Oudtshoorn*

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Hermien Velleman en Leon Smith.

### Lief en leed

Wim van der Waals, Kas Landman en Piet Schutte is steeds op die herstelpad, en beste wense vir hulle. Ann Mitchell (Van der Veen) het aanmerklik verswak, en Bruce Austen het steeds 'n stryd met aansterk. Ons dink besonderlik aan hulle.

**Speeltye (Somer)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Tjekrekeningnr 405 332 3178
Takkode 632005

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2024.

*Bepaal soos ouderdom op 1 Julie 2024*

Ledegeld 75 jaar en ouer: R2,290.00

Ledegeld jonger as 75 jaar: R2,510.00

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of marietafourie@outlook.com

**Boeke**

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**GREENS, FACILITIES AND SERVICES**

The B-green will be closed from 1 September for reconditioning, followed in due course by closing of the A-green. The scheduling will be such that one green will always be available for play. Bosman Olivier remains in his position as Greenskeeper and Nico Rau takes over from Etienne Olckers as caretaker for the club facilities. Together with Rina Meyer (catering) and Pieter and Dalina Brits (bar) they deserve our great appreciation for sacrificing many hours of hard work for the well-being of our club. Many thanks!

**KLEINJAN**

*Mag hierdie skrywe van my vir ma in ’n goeie toestand bereik. Dag ma*

*Ek raak nou al baie opgewonde oor maritsia se toestand Dit is mos nou al agt maande dat sy pragneer sederd sy en haar vriend gekomunikeer het. Nog net een maand dan behoort ek ’n klein-nefie of klein-niggie te wees. Dan sal ons die beslag weet. So tot dan is ek nog neutraal.*

*Ons het darem die afgelope paar maande ’n besige tyd gehad met die stemmery en die verkiesings van die nuwe beamptes en minesteries. Ek vertrou die kalemte sal nou ’n eenheid van samewerkende ontwikkelend wees. Dink net as daar niks meer potgate in die patte is nie. Almal het werk, ’n oorvloed van water en alle ligte brand. Dit sal wees soos voor die opbreek van Soodom en Cromôrha.*

*Daardie half afrikaanse party leier van die kaap, Grystin Melklenzy, het mos toe die pos van Ministir van sport en nog iets gekry. Hy het onmiddellik die Springbokke bymekaar geroep met hulle se baas, Grassie, en vir hulle gesê hy voer ’n span van Ierland in om teen hulle te speel. Jou wragies ma, hulle kom toe hier aan op Waterkloof, net soos die Boeptas van ouds, en word met bloulig kombies na Loftus vervoer. Wat ’n mooi palawe en goeie gebaar van die ministir.*

*Ek gaan vir hom ’n brief stuur en vertel van rolbal ook. Miskien sal hy ’n klomp manne met balle invoer en vrouens sonder balle, want hy kan dit uit sy sport budget vir hulle sponser. Êrens en Zinbad van ons klub, kan dan die nodige reelings tref vir ’n paar goeie fondsinsameling kompetissies. Alles ten bate van die sport.*

*Ek sien die ergste koue is nou op pad uit. Van my plantjies begin stadig nuwe botsels stoot. Ek hoef nie meer in die oggende kookwater op hulle te gooi om hulle warm te hou nie.*

*Ma, een van ons litte se naam is mos Halfspoed, soos in ’n kar wat staan en petrol onnodig gebruik. As hy rol dan aidel hy nie, want hy speel soos ’n champ en jy moet hom nie op sy baadjie trakteer nie want hy dra nie eintlik baadjies nie. Al is dit hoe koud dra hy net ’n kort broek. Ek het al saam met hom in die pare meegeding. Hy was ’n skip want hy is ouer as ek.*

*Net so terloops ma, die woord papier, waarop ons skryf, is pier wat boom beteken en pap as dit vyngemaak is.*

*Ek het die opening van die Olimpiese spele op my tv gade geslaan. Hygend ma, kyk wat se hoge taal gebruik ek nou, slaan dit gade, of gate? Ma sou niks kon sien van die opening op SABC 1 op ma se swart en wit nie. Die skouspel was uiters noemenswaardig. Die deelnemers was van heiden en ver en het op skippe op die Nyl afgekom, onder deur die Aifel toring. Daar was lande wat ’n mens nie eens geweet het dat dit ook op die aardbol is nie. Met die opening het dit motte gereen ook en dit was plek plek en elders soos ons weer mense sê.*

*Ma die ding van hierdie Olimpiese spele is dat daardie meisie van ons wat altyd skoene gemaak het en ’n dame geword het na haar huwelik, ons borste laat opswel het met haar persentasie in die swem. Sy het ’n goue en ’n silwer medalje los geswem. As sy eers haar neus in die lug gedruk het as sy in die water is, is dit net one way forward, en dit is vir ’n wen. Ek is sooo trots bo op haar. Ek is net so bly dat al ons atlete wat daar was ons land se naam hoog gedra het. Geen geval van baklei of iets wat probleem aties beskryf kon word nie. Wiewa Suid-Afrika.*

*Hier by die rolbal gaan dit ook nog knop dissel en ons rol alweer baie lekkerder want die ergste koue is verby.*

*Ek sluit nou eers weer met baie liefde en groete*

*Kleinjan*

**….. AND IN CLOSING**

Four bowlers were out on the green, practicing. As one of them was about to bowl, they saw a funeral procession go by. Instead of bowling, the bowler removed his cap and placed it on his chest until the funeral procession had passed. At this point, one of the others said: "You know, that was the most touching thing I've ever seen on a green". To which the bowler replies: "Well, I was married to her for 15 years. It was the least I could do".

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com.  praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion-bowls.co.za

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.